# Gebeds en Lofprys

## Bemoediging vir die Christene in Egipte

**In reaksie op die onlangse geweld teen die Koptiese Christengemeenskap in Egipte het SAT-7 se Arabiese kanale die effek hiervan op die plaaslike gemeenskap, en die hele gebied, op verskeie wyses aangespreek met die liefde en lig van Christus.**

`n Spesiale nag van gebed vir Egipte om die skok, trauma en kwellings van Christene aan God op te dra, is onlangs direk uitgesaai op SAT-7 vanaf die Kasr El Dobara Evangeliese Kerk in Kairo ...

Binne `n paar uur na die aanval op Christen-pelgrims by Minya is `n spesiale episode van die SAT-7 kinderprogram *Hoekom dit?* uitgesaai. Kinders kon inbel en praat oor hul vrese dat God hul dalk verlaat of nie hul gebede hoor nie. Aanbieder Essam Nagy het hul gelei in gebed en tot vergifnis ...

Hierdie selfde geweldsinsident het ook talle Egiptiese Christen-gesinne getraumatiseer en laat soek na leiding. SAT-7 ARABIES se beradingsprogram vir vroue, *Sê dit reguit!* het ondersteuning en raad gebied aan moeders van getraumatiseerde kinders ...

*Brûe,* SAT-7 ARABIES se program vir sake van die dag, het in `n spesiale episode aandag gegee aan die verskeie aanvalle op die Koptiese Christengemeenskap in Egipte. `n Aantal gaste het saam gesels oor die situasie en verskillende sienings en menings gelug ...

**Nietemin, Egipte se Christene het u gebedsondersteuning nodig in hierdie moeilike tyd.**

**Bid asseblief:**

- Dat die families wat deur die aanvalle geraak is, God se teenwoordigheid, troos en liefde sal beleef.
- Dat die aanvallers se harte sal verander en God se liefde wat lewens verander, sal ervaar.
- Dat diegene wie se geloof geskud is deur hierdie gebeure, steeds sal vertrou dat Christus hulle liefhet.
- Dat die Here die Christene van Egipte sal beskerm en versterk, sodat hulle steeds die lig van God se liefde en vergifnis sal uitstraal.

SUID-AFRIKA KANTOOR
Posbus 72646
Lynnwoodrif, PRETORIA 0040
southafrica@sat7.org
+27(12)807 2763
+27(83)628 6488/+27(84)506 3399
Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede

Kopiereg © 2017 SAT-7
www.sat7sa.org
www.sat7.org

# Gebed en Lofprys

## Nuus uit die MENA gebied

**Onlangse kommerwekkende nuus wat die Kerk in die streek raak...**

**Turkye:** Verandering in die sonering van stede het gelei daartoe dat bykans 100 kerke, kloosters en begraafplase van die Siries-Ortodokse Kerk in Suid-Turkye deur die staat oorgeneem word. Hieronder is ook die grond van die historiese Mor Gabriel klooster. Oor die jare het plaaslike owerhede die Kerk se grond probeer afneem, maar die Hooggeregshof het dit telkens verhoed. Nou is dit onseker wat van hierdie kerkeiendomme gaan word. Christene word toenemend bekommerd oor die rigting wat hul land inslaan.

- **Bid asseblief dat die Here geregtigheid sal bring, en die Siries-Ortodokse Kerk en ander kerke in Turkye sal bewaar en versterk.**

**Iran:** Verdere arrestasies en ernstige vonnisse vir Christene. Drie Iranese Christene is onlangs gevonnis. *Middle East Concern* berig dat Pastor Victor Bet Tamraz 10 jaar tronkstraf gekry het. Twee ander gelowiges, Amin Afshar Naderi and Hadi Asgari, is onderskeidelik vir 15 en 10 jaar tronk toe. Aanklagte teen hulle was onder andere "evangelisering" "onwettige huiskerk-aktiwiteite" en `n klag wat dikwels teen Christene gebruik word: "optrede wat nasionale veiligheid bedreig". Hul prokureurs gaan appelleer teen die uitspraak.

- **Bid asseblief vir moed vir hierdie drie gelowiges, vir wysheid vir hul prokureurs en vir suksesvolle appèl.**

Meer positiewe nuus uit **Libanon:** `n Driedaagse byeenkoms van gebed en onderrig, *Ons sal Wonders aanskou*, bygewoon deur 3,000 mense en uitgesaai deur SAT-7, is onlangs in Beiroet gehou. Libanese Christene het soortgelyke massa-saamtrekke in Egipte gesien en is geïnspireer deur hierdie groot gebeurtenis in hul eie land. Christene van alle kerke is ook hierdeur verenig.

- **Bid asseblief dat Libanon `n sentrum van Christenkrag en godsdiensvryheid sal bly, en dat hierdie groot byeenkoms blywende vrug sal dra.**

# ONTMOET ONS KYKERS

## Bid asb vir die volgende kykers:

"Ek het goeie nuus vir julle, nuus wat die Naam van Jesus sal verheerlik. Dit is vir my wonderlik om te kan getuig dat my seun, wat gely het aan kanker in sy rugwerwels, die operasie oorleef het en genees is. Hy kan nou loop. Loof die Here wat ons gebede verhoor het! Ek vra dat julle hierdie nuus sal uitsaai en aan almal vertel dat die Here gebede beantwoord en gee aan die wat vra."
***SAT-7 KIDS KYKER***

"Ek kontak julle graag gereeld. Soms bel ek in om deel te neem aan die regstreekse uitsendings; ek hou van die wyse waarop jul aanbieders met die kykers wat inbel praat. Dit is duidelik dat julle omgee en dit nie saak maak vanwaar iemand is of watter kwalifikasies iemand het nie; julle verwelkom almal se deelname. Ek kyk gereeld na al jul regstreekse uitsendings; ek hou ook van die onderrig programme. Soms kyk ek 4-5 ure. SAT-7 se programme het my lewe totaal verander; ek het geen ander geestelike bron nie aangesien ek geen Christen vriende of `n Bybel het nie."
***KYKER VAN `N AFGELEË DORPIE IN IRAN***

"Ek het 7 jaar gelede na SAT-7 PARS begin kyk. Ek het iemand op jul kanaal hoor sê: 'As jy probleme in jou lewe het en niks wat jy probeer, help nie, is dit tyd om Jesus `n kans te gee; Hy kan dinge verander vir jou.' Nadat ek hierdie woorde gehoor het, het ek gereeld na SAT-7 PARS begin kyk. Ek kyk gereeld na die programme wat Pastor Miltan aanbied. omdat ek `n dwelmverslaafde was. My familie het gou agtergekom dat ek begin verander het en ons verhoudings het verander."
***SAT-7 PARS KYKER***

"'My lewende God, ek bid dat U SAT-7 se bediening toenemend sal seën en gebruik tot eer van U Naam.' Ek word uitermate geseën deur die programme wat jul aanbied; julle is werklik getuies. Ek wil julle graag uitnooi om Jordanië te besoek."
*JONG MAN VAN JORDAN*IË

"Te danke aan julle programme het ek `n Christen geword. Ek het op 14 jarige ouderdom jul programme begin volg en baie daarvan gehou. Ek het veral baie van die program Die *Koning van die Boog* gehou waar die aanbieder op `n troon gesit en Bybelverhale vertel het. Hoewel dit eintlik `n kinderprogram was het ek daarvan gehou om na die verhale te luister. Julle het my gehelp om die liefde van God te verstaan. Ek het so baie om julle voor te bedank; Ek is nou 19 en so dankbaar dat ek Jesus in my tienerjare leer ken het. Julle het my die grootste gesken gegee."
***KYKER VAN TEHRAN , IRAN***

"Hello, baie dankie dat julle die verhaal van Adam en Eva aan ons gestuur het. My dogtertjie hou baie daarvan en die illustrasies in die boek help haar om die verhaal te verstaan. Sy memoriseer dit en vertel dit aan almal. Ek wil julle werklik bedank want julle help my om Christus aan my kind te verduidelik. Ek hoop jul kan my nog verhale stuur. Dankie vir jul liefde en samewerking."
***SAT-7 KIDS KYKER***

"Dankie vir julle gebede en veral vir die genade van God. Alhoewel ek julle wonderlike programme vir `n lank tyd reeds volg, kon ek nie die ware betekenis van 'verlossing' verstaan nie. Vanaand, terwyl ek Bybelstudie doen, het sekere woorde my skielik laat verstaan wat verlossing beteken. Ek is vol blydskap!"
***NIYOUSHA VAN IRAN dmv DIE TELEGRAM APP***

"Ek dank Jesus Christus vir Sy onmeetlike genade deur my die geleentheid te gee om te mag deel in hierdie konferensie, al is dit slegs deur die internet. Dit is die eerste keer in my lewe wat ek so iets beleef; dit is so `n wonderlike en geestelike verryking vir my."
***KYKER IN AUSTRALIË nav DIE REGSTREEKSE UITSENDING VAN DIE GEBEDSKONFERENSIE 2016***

"Ek het SAT-7 TÜRK begin kyk toe dit nog TÜRK-7 was met twee ure uitsendings in die oggend en aand op die SAT-7 PARS kanaal. Ek het gehou van die erediens programme en die kinderprogramme hoewel ek nog nie kinders gehad het nie. Intussen het dit verander na SAT-7 TÜRK drie jaar gelede met baie meer aanbiedings en beter kwaliteit. Ek hou regtig baie van die regstreekse uitsendings en die aanbiddingsmusiek sowel as die ander aanbiedings. En nou kyk ek die kinderprogramme saam met my seuntjie. Ek hou van SAT-7 TÜRK omdat ek as Christen daarvan hou om na programme te kyk waarmee ek kan identifiseer. Daar is werklik `n aanbieding op hierdie kanaal vir elkeen. Niemand sal ooit uitgekuier raak met SAT-7 TÜRK se aanbiedings nie."
***SAT-7 TÜRK KYKER***